

# APISBLOOM

‘n **Bestuiwingsversterker wat ‘n beheerde hoeveelheid heuningbylokmiddel vrystel** om bybestuiwingsaktiwiteit te bevorder.

River Bioscience

**River Bioscience (Pty) Ltd**
www.riverbioscience.co.za
admin@riverbio.com

## Wat is APIS BLOOM?

APIS BLOOM gebruik 'n eie mengsel van terpenoïede om die proses na te boots wat bye gebruik om hoëwaarde nektar- of stuifmeelbronne te merk, en sodoende bybestuiwingsaktiwiteit te verhoog. Die produk gebruik die gespesialiseerde SPLAT (Specialized Pheromone & Lure Application Technology) formulering en word as 'n pienk wasagtige pasta regdeur die gewasarea toegedien. Die eko-vriendelike, reënvastige en stadigvrystellende wasformulering lei tot langlewendheid in die veld, wat verseker dat minder toedienings van die aantreklike feromoon nodig is om verbeterde bestuiwing te bewerkstellig. Die gelyke verspreiding van bye aantreklike feromoon in boorde maak voorsiening vir verhoogde tydsduur, egaligheid in byevoeding en lewering van bestuiwingsdienste.



## Hoe Werk APIS BLOOM?

Sommige gewasse is nie so aantreklik vir bye nie en dus sal bye dikwels wilde plante en blomme bestuif in plaas van die teikengewas. Dit kan lei tot ondoeltreffendheid in die lewering van bestuiwingsdienste. APIS BLOOM word as blertse in die boord toegedien en verbeter bestuiwing deur 'n beheerde-vrystelling heuningbylokmiddel—dieselfde feromoon wat werkerbye vrylaat wanneer 'n ryk nektarbron ontdek word. Hierdie lokmiddel stel heuningbye effektief in kennis en konsentreer dit in die geteikende gewasarea, wat kommunikasie en werwing van ander bye stimuleer wanneer hulle met stuifmeel of nektar na die korf terugkeer. Deur bykomende werkerbye na jou bloeisels te lok, verhoog APIS BLOOM bestuiwingsyfers terwyl dit ook bye aanmoedig om vir langer tydperke en groter afstande binne jou boorde af te lê.

**Standaard bestuiwingspraktyke skep 'n ongelyke verspreiding van heuningbye regdeur die veld.**



**APIS BLOOM veroorsaak 'n eenvormige en deeglike verspreiding van bestuiwingsaktiwiteit deur heuningbye.**



## APIS BLOOM Voordele:

### Verhoogde Byekorf Aktiwiteit

Heuningbye sal hul korwe vroeër verlaat en later uitbly. Die verhoogde aktiwiteit kan hoër vlakke van bestuiwing en verbeterde vrugset tot gevolg hê.

### MRL Bestuur

Geen chemiese residue of MRL's

### Omgewingsvriendelik

APIS BLOOM gebruik 'n feromoonverbinding wat in die natuur voorkom en benadeel nie voordelige insekte nie.

### Langlewendheid

Feromone sal tot 3-4 weke vrygestel word na die toediening van APIS BLOOM.

## APIS BLOOM Doeltreffendheid en Proefdata:

Die onderstaande doeltreffendheidsdata is gebaseer op proewe wat in Kiwi-boorde uitgevoer is.

### Bye Aktiwiteit




'n **Beduidende toename** in **by-aktiwiteit** by die korwe in **APIS BLOOM behandelde gebiede**. By-aktiwiteit is gemeet deur die aantal bye wat uit die korf kom en gaan, te tel.

Oor die algemeen dui die data op 'n **47% toename in by-aktiwiteit** in APIS BLOOM behandelde boorde.

### Bye Stuifmeel Gewigte




'n **Toename van 61,2%** in die hoeveelheid **stuifmeel** wat deur bye in APIS BLOOM-behandelde gebiede versamel is.

### Vrugset Data




**Aantal vrugte per wingerdstok het met 14% toegeneem** in APIS BLOOM-behandelde gebiede relatief tot onbehandelde gebiede.

River Bioscience

**River Bioscience (Pty) Ltd.**
admin@riverbio.com
5th Floor, Fairview House,
Fairview Office Building, 66 Ring Road
Greenacres, PE, 6045
PO Box 20388, Humewood, 6013

**APIS BLOOM™**
**River Bioscience (Pty) Ltd.**

**Aktiewe Bestanddeel:**
Heuningby Lokmiddel Feromone

